Staatsdienskommissie

JAARVERSLAG AAN BURGERS VIR DIE 2009/2010 FINANSIËLE JAAR

INHOUD

BLADSY

1.	**WIE ONS IS**	**1**
2.	**WAT ONS DOEN**	**2**
3.	**WIE IN BEHEER IS**	**4**
4.	**ONS STANDAARDE, HOE ONS DAARAAN VOLDOEN HET EN DIE RESULTATE WAT BEREIK IS**	**4**
5.	**HOE ONS BEPLAN OM ONS DIENSTE TE VERBETER**	**9**
6.	**ORGANISASIE EN PERSONEEL**	**9**
7.	**BEGROTING**	**10**
8.	**KONTAKBESONDERHEDE**	**10**
9.	**WAAR ONS GEVIND KAN WORD**	**11**

DEPARTEMENT	**Staatsdienskommissie**
VERSLAG AAN LANDSBURGERS	**2009/2010 Finansiële Jaar**

1. WIE ONS IS

Die Staatsdienskommissie is ingevolge artikel 196 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, tot stand gebring. Dit is die enigste instelling wat ingevolge Hoofstuk 10 van die Grondwet ingestel is. Die Grondwet bepaal dat daar 'n enkele Staatsdienskommissie vir die Republiek van Suid-Afrika is, bestaande uit 14 lede, waarvan vyf op aanbeveling van die Nasionale Vergadering aangestel wrod. Een lid word uit elk van die nege provinsies aangestel nadat hulle deur die Premier van die provinsie genomineer is, op aanbeveling van 'n komitee van die Provinsiale Wetgewer. Daar word na die lede as Kommissarisse verwys en hulle word deur die President aangestel. Die vyf Kommissarisse wat op aanbeveling van die Nasionale Vergadering aangestel word, is by die Hoofkantoor gebaseer, terwyl die oorblywende lede in hul onderskeie provinsies gebaseer is. Die prosedure vir die aanstelling van Kommissarisse val onder die Wet op die Staatsdienskommissie, 1997 (Wet No. 46 van 1997), wat voorsiening maak vir die regulering van die Staatsdienskommissie en sake wat daarmee verband hou. Ingevolge die Wet word 'n Kommissaris vir 'n termyn van vyf jaar aangestel, en is die termyn vir slegs een addisionele termyn hernubaar. Die Kommissie word gelei deur 'n Voorsitter wat deur die President uit die genomineerde Kommissarisse aangestel word.

Die Staatsdienskommissie is teenoor die Nasionale Vergadering verantwoordingspligtig en moet jaarliks aan die Nasionale Vergadering verslag doen. Die Kommissie moet ook aan die Wetgewer van die betrokke provinsie verslag doen oor sy aktiwiteite in elke provinsie.

Die President het die eerste lede van die Staatsdienskommissie met ingang 1 Januarie 1999 aangestel. Die aanvang van die Staatsdienskommissie se formele bedrywighede is egter tot 1 Julie 1999 uitgestel, as gevolg van regsprobleme rondom sekere aspekte van die Wysigingswet op Staatsdienswetgewing, 1997 (Wet No. 47 van 1997).

Die Staatsdienskommissie word ondersteun deur die Kantoor van die Staatsdienskommissie, met sy hoofkantoor in Pretoria en streekkantore in elke provinsie. 'n Direkteur-generaal, wat ook die Rekenpligtige Beampte is, staan aan die hoof van die Kantoor van die Staatsdienskommissie. Die personeel van die Kantoor van die Staatsdienskommissie word ingevolge die Staatsdienswet van 1994 aangestel.

Visie

Die Staatsdienskommissie is 'n onafhanklike en onpartydige liggaam wat deur die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, ingestel is om uitnemendheid in bestuur binne die

Staatsdiens te bevorder deur 'n beroeps- en etiese omgewing te bevorder en deur waarde toe te voeg tot 'n openbare administrasie wat aanspreeklik, billik, voordelig, doeltreffend, vry van korrupsie en ontvanklik vir die behoeftes van die mense van Suid-Afrika is.

Missie

Die doel van die Staatsdienskommissie is om die Staatsdiens se demokratiese beginsels en waardes wat in die Grondwet verskans is, te bevorder deur ondersoek in te stel na openbare administrasie, dit te monitor en te evalueer, en daaroor te kommunikeer en verslag te doen. Deur middel van navorsingsprosesse sal dit die bevordering van uitnemendheid in staatsbestuur en die lewering van bekostigbare en volhoubare dienste van hoë gehalte verseker.

2. WAT ONS DOEN

Die Staatsdienskommissie ontleen sy mandaat aan artikels 195 en 196 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Artikel 195 is 'n uiteensetting van die waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers, en wat deur die Staatsdienskommissie bevorder moet word. Hierdie waardes en beginsels is:-

a. 'n hoë standaard van beroepsetiek
b. doeltreffende, ekonomiese en doelmatige aanwending van hulpbronne
c. 'n ontwikkelingsgerigte openbare administrasie
d. lewering van dienste op 'n onpartydige, billike en gelyke grondslag, sonder vooroordeel
e. aandag aan mense se behoeftes en aanmoediging van die publiek om aan beleidsvorming deel te neem
f. verantwoordingspligtige openbare administrasie
g. bevordering van deursigtigheid
h. die ontwikkeling van bekwame mensehulpbronbestuur en loopbaanontwikkelingspraktyke
i. 'n verteenwoordigende openbare administrasie met indiensnemings- en personeelbestuurspraktyke wat gebaseer is op vermoë, objektiwiteit, billikheid en die behoefte om die wanbalanse van die verlede reg te stel.

Ingevolge artikel 196(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, is die funksies en bevoegdhede van die Staatsdienskommissie om:-

a. die waardes en beginsels wat in artikel 195 uiteengesit word, regdeur die Staatsdiens te bevorder
b. die organisasie en administrasie, en die personeelpraktyke van die Staatsdiens te ondersoek, te monitor en te evalueer, veral die nakoming van die waardes en beginsels soos uiteengesit in artikel 195 en die Staatsdiensprosedures

c. maatreëls voor te stel om doeltreffende en bevoegde werkverrigting in die Staatsdiens te verseker
d. lasgewings uit te reik wat daarop gemik is om te verseker dat personeelprosedures met betrekking tot werwing, oorplasing, bevordering en ontslag voldoen aan die waardes en beginsels wat in artikel 195 uiteengesit word
e. verslag te doen ten opsigte van sy bedrywighede en die verrigting van sy funksies, met inbegrip van enige bevinding wat hy mag maak, lasgewings wat hy mag uitreik en advies wat hy mag gee, en om 'n evaluering te verskaf van die mate waarin daar voldoen word aan die waardes en beginsels in artikel 195 uiteengesit, en
f. hetsy uit eie beweging, hetsy na ontvangs van enige klagte,
    i. die toepassing van personeel- en openbare administrasiepraktyke te ondersoek en te evalueer en aan die toepaslike uitvoerende gesag en wetgewer verslag te doen
    ii. ondersoek in te stel na griewe van werknemers in die Staatsdiens oor amptelike handelinge of versuime, en gepaste regstellings aan te beveel
    iii. die nakoming van toepaslike prosedures in die Staatsdiens te monitor en te ondersoek
    iv. nasionale en provinsiale staatsorgane van raad te dien oor personeelpraktyke in die Staatsdiens, met inbegrip van dié met betrekking tot werwing, aanstelling, oorplasing, ontslag en ander aspekte van die loopbane van werknemers in die Staatsdiens.

Die werk van die Staatsdienskommissie is rondom ses sleutelprestasieareas gestruktureer, naamlik:

- Verbetering van Arbeidsverhoudinge
- Leierskap en Mensehulpbronoorsigte;
- Monitering van Staatsbestuur
- Beoordeling van Dienslewering en Nakoming
- Ondersoeke na Openbare Administrasie
- Beroepsetiek.

Hierdie gebiede word gegroepeer binne die volgende lynfunksietakke:

a. **Tak: Leierskap en Bestuurspraktyke** stel die Staatsdienskommissie in staat om gesonde leierskap, mensehulpbronbestuur, arbeidsverhoudinge en arbeidspraktyke in die Staatsdiens te bevorder

b. **Tak: Monitering en Evaluering** stel die Staatsdienskommissie in staat om 'n hoë standaard van dienslewering, monitering en goeie bestuur in die Staatsdiens daar te stel

c. **Tak: Integriteit en Teenkorrupsie** stel die Staatsdienskommissie in staat om ondersoeke na openbare administrasie te doen, 'n hoë standaard van etiese gedrag by staatsamptenare te bevorder en om 'n bydrae te maak om korrupsie te voorkom en te beveg

d. **Korporatiewe Dienste** ondersteun die drie lynfunksietakke deur die lewering van administratiewe dienste.

3. WIE IN BEHEER IS

Dr. Ralph Mgijima is die Voorsitter van die Staatsdienskommissie. Ingevolge die Staatsdienswet (Proklamasie 103 van 1994) is die Voorsitter ook die Uitvoerende Gesag.

Mnr. Mashwahle Diphofa is die Direkteur-generaal van die Kantoor van die Staatsdienskommissie. Ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), is die Direkteur-generaal ook die Rekenpligtige Beampte.

4. ONS STANDAARDE, HOE ONS DAARAAN VOLDOEN HET EN DIE RESULTATE WAT BEREIK IS

Die diensleweringstandaarde van die Staatsdienskommissie vir die 2009/10 Finansiële Jaar is vervat in sy Diensleweringsbevorderingsplan (DLVP). Die DLVP dien as 'n raamwerk om belanghebbers in te lig oor die diensleweringstandaarde van die Staatsdienskommissie. Die volgende tabel weerspieël die komponente van die DLVP, asook vordering wat gemaak is met die bereiking van standaarde in die 2009/10 Finansiële Jaar.

Sleuteldienste	Kliënte	Huidige standaard	Werklike bereiking teenoor standaarde
Doen navorsing oor kwessies rakende arbeidsverhoudinge en ondersoek griewe van staatsamptenare	Staatsdepartemente	Verslag met bevindings en aanbevelings gefinaliseer	'n Feiteblad oor die Grieweresolusie vir die 2008/09 Finansiële Jaar en 'n verslag oor die Staatsdiens se "sector education and training authority" (Seta) se bydrae tot die ontwikkeling van vaardighede en loopbaanvordering in die Staatsdiens is opgestel
		80% van alle griewe binne drie maande vanaf datum van ontvangs van alle tersaaklike dokumentasie gefinaliseer	Die Staatsdienskommissie het 614 griewe ontvang. 84 (13,7%) van hierdie griewe is nie afgehandel nie vanweë onvolledige inligting deur die departemente verskaf. Die oorblywende 530 (86,3%) griewe is binne drie maande afgehandel of gesluit
Verbeter en bevorder leierskap in die staatsdiens	Die Presidensie Staatsdepartemente Akademie Nieregeringsorganisasies (NRO's)	Verslag met bevindinge en aanbevelings afgehandel	'n Raadgewende verslag oor die aanstelling en bestuur van departementshoofde in die Staatsdiens is voltooi

Sleuteldienste	Kliënte	Huidige standaard	Werklike bereiking teenoor standaarde
	Provinsiale Uitvoerende Rade		'n Verslag oor die doeltreffendheid van staatsdiensleierskap in die bevordering van interregeringsverhoudinge is opgestel 'n Verslag oor die Implementering van Prestasiebestuur en 'n Ontwikkelingstelsel vir Senior Bestuurders in die provinsie Limpopo is aan die Staatsdienskommissie vir goedkeuring voorgelê
Monitor die prestasie van departementshoofde	Die Presidensie Staatsdepartemente Akademie Uitvoerende owerhede Departementshoofde	'n Feiteblad is opgestel oor vordering wat gemaak is met die invul van prestasie-ooreenkomste van departementshoofde Advies aan tersaaklike Uitvoerende Owerhede oor die prestasies van hul departementshoofde Verslag met bevindings en aanbevelings gefinaliseer binne gestelde teikens	Riglyne oor die Beoordeling van Departementshoofde vir die 2008/09 Finansiële Jaar is in September 2009 aan alle belanghebbers vesprei 23 nasionale en 48 provinsiale departementshoofde het hulle prestasieooreenkomste vir die 2008/09 Finansiële Jaar ingedien 20 nasionale en 33 provinsiale departementshoofde is vir die 2007/08-siklus beoordeel. Een departementshoof is vir die 2008/09-siklus beoordeel 'n Strategie vir die Implementering van die Organisatoriese Prestasiebeoordelingsraamwerk is vir goedkeuring voorgelê Die projek oor sleutelleierskapskwessies wat gedurende die beoordelings van departementshoofde geïdentifiseer is, staan oor tot die 2010/11 Finansiële Jaar en is vervang met 'n oorsig van die beoordelingsproses van departementshoofde
Hersien die implementering van mensehulpbron-praktyke deur die opstel van navorsingsverslae en aanbevelings	Die Presidensie Staatsdepartemente Akademie Nieregeringsorganisasies (NRO's) Provinsiale Uitvoerende Rade	Verslag met bevindings en aanbevelings gefinaliseer	Verslag oor die Beoordeling van die Stand van Mensehulpbronbestuur in die Staatsdiens is voltooi Verslag oor die Evaluering van die Impak van die Beleid en Prosedure oor Onbevoegdheidsverlof en Uitdienstreding weens Swak Gesondheid op Siekteverloftendense in die Staatsdiens is opgestel
Evaluering van departemente teen die waardes vermeld in artikel 195 van die Grondwet	Staatsdepartemente Uitvoerende Gesag Parlement Provinsiale Wetgewers Die openbare domein (akademici, burgerlike samelewingsorganisasies)	Verslag met bevindings en aanbevelings gefinaliseer	30 departementele M&E-verslae toegespits op departemente se nakoming van grondwetlike waardes en die beginsels van openbare administrasie, is voltooi 'n Sesde Gekonsolideerde M&E-verslag van die Staatsdiens is opgestel
Evaluering van die stand van die	Staatsdepartemente Uitvoerende Gesag	Verslag met bevindinge en	Die 2010-SVSD-verslag met die tema *Integrasie, Koördinasie en*

Sleuteldienste	Kliënte	Huidige standaard	Werklike bereiking teenoor standaarde
Staatsdiens	Parlement Provinsiale Wetgewers Die openbare domein	aanbevelings gefinaliseer	*Doeltreffende Openbare Dienslewering* is voltooi
Evaluering van die sukses van geïdentifiseerde regeringsprogramme	Staatsdepartemente Uitvoerende Gesag Parlement Provinsiale Wetgewers Die openbare domein	Verslag met bevindings en aanbevelings gefinaliseer	Verslag oor die Evaluering van Integrasie en Koördinasie in die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingsprogram is voltooi 'n Dialoog oor Strategieë en Ingrypings vir Armoedeverligting is met belanghebbers gevoer. Die verslag oor die verrigtinge betreffende die dialoog is opgestel 'n Verslag oor 'n Metabeoordeling van die Halfjaaroorsig van die Uitgebreide Openbarewerkeprogram is voltooi
Evaluering van dienslewering	Staatsdepartemente Uitvoerende Gesag Portefeuljekomitees Provinsiale Wetgewers Akademie NRO's	Verslag met bevindinge en aanbevelings gefinaliseer	Inspeksies is by geselekteerde gesondheidsklinieke gedoen en verslae is gefinaliseer Verslag oor die beoordeling van die doeltreffendheid van Thusong-dienssentra in geïntegreerde dienslewering is gefinaliseer
Stel maatreëls voor om doelmatige en doeltreffende werkverrigting binne die Staatsdiens te verseker	Staatsdepartemente Uitvoerende Gesag Portefeuljekomitees Provinsiale Wetgewers Akademie NRO's	Verslag met bevindinge en aanbevelings gefinaliseer	'n Verslag oor die Opname van Burgertevredenheid met Openbare Dienslewering is vir goedkeuring aan die Staatsdienskommissie voorgelê 'n Uiteensetting van Ontwikkelingsriglyne vir Openbare Deelname is opgestel Die verslae, 'n Assessering van Staatsdiensdeelnamepraktyke in die Staatsdiens en die Bestuur van Visa-aansoeke en Hawebeheer by die Departement van Binnelandse Sake, is opgestel
Ondersoek onreëlmatige of ondoeltreffende openbare-administrasiepraktyke	Staatsdepartemente Uitvoerende Gesag Portefeuljekomitees Provinsiale Wetgewers Akademie NRO's	80% van die ondersoeke is binne drie maande vanaf datum van ontvangs van alle dokumente gefinaliseer	131 klagtes ingevolge die Klagtereëls ontvang, is gefinaliseer/gesluit. Sewe van die 131 klagtes het aanleiding gegee tot die doen van volskaalse ondersoeke. 'n Verdere 11 volskaalse ondersoeke en 53 klagtes ingevolge die Klagtereëls ontvang, geniet verdere aandag 171 klagtes wat met dienslewering verband hou, is in die verslagtydperk deur middel van die Nasionale Teenkorrupsie-blitslyn (NTKB) ontvang. 332 sake is afgehandel, wat sake insluit wat van vorige boekjare oorgedra is 90% van beide die NTKB- en die Klagtereëlsondersoeke, waarvan al die dokumente ontvang is, is binne

Sleuteldienste	Kliënte	Huidige standaard	Werklike bereiking teenoor standaarde
			drie maande afgehandel
		Verslag met bevindinge en aanbevelings gefinaliseer	Die Klagtetendensontleding wat in die 2008/09 Finansiële Jaar by die Staatsdienskommissie ingedien is, is afgehandel. Die Verslag oor die Evaluering van Voorsieningskettingbestuurspraktyke betreffende die verkryging van goedere en dienste in geselekteerde departemente, toegespits op algemene betalings binne die R200 000,00-drempel, is gefinaliseer 'n Verslag oor die Oorsig van Finansiële Wangedrag vir die 2008/09 Finansiële Jaar, is vir goedkeuring by die Staatsdienskommissie ingedien
Vestig 'n kultuur van professionele gedrag in die Staatsdiens	Uitvoerende Gesag Staatsdepartemente Wetgewers Klaers	Bied sekretariële beroepsteun aan die Nasionale Teenkorrupsie-forum (NTKF)	Sekretariële dienste is gelewer aan die NTKF. Vier vergaderings van die NTKF-implementeringskomitee, twee EXCO-vergaderings en een NTKF-vergadering is gehou
		Bestuur die graad van nakoming van die Finansiële Openbaarmakings raamwerk (FOR) deur lede van senior bestuur	Departemente het ten opsigte van die FOR 'n nakomingskoers van 81% bereik
		Bestuur van die NTKB	Vanweë die NTKB, is 1 340 korrupsiesake ingevolge die ooreengekome protokolle na departemente verwys
		Suksesvolle aanbieding van werkwinkels en verslag oor verrigtinge	Twee werkwinkels is met provinsiale administrasies oor die bestuur van die NTKF gehou
		Hersien die Gedragskode en publiseer dit in die Regulasiekoerant as Staatsdiensregulasies	Drie werkwinkels is gehou om die Gedragskode te bevorder
		Bewustheid vir beroepsetiek en teenkorrupsie gekweek	'n Tafelronde is gehou oor die bevordering van beroepsetiek in die Staatsdiens en teenkorrupsie-reklamemateriaal is tydens die tafelronde versprei
Gesonde finansiële bestuur	Kommissarisse Personeel van die Kantoor van die Staatsdiens-kommissie Diensverskaffers Ouditeur-generaal	Monitering van uitgawes en aanwending van begroting binne die begrotings-toekenning	Die Staatsdienskommissie het 'n skoon ouditverslag ontvang, met 'n paragraaf oor "ander aangeleenthede" 11begrotingskomiteevergaderings is gehou om aangeleenthede te

Sleuteldienste	Kliënte	Huidige standaard	Werklike bereiking teenoor standaarde
	Nasionale Tesourie Staatsdepartemente		bespreek wat met die begroting en uitgawes verband hou
Bied kommunikasie- en inligtingsteun deur onder meer die werk van die Staatsdienskommissie deur mediaveldtogte en uitstallings te bemark en gepubliseerde verslae ter tafel te lê en te versprei	Kommissarisse Personeel van die Kantoor van die Staatsdiens-kommissie	Media-aktiwiteite oor geselekteerde gepubliseerde verslae van die Staatsdiens-kommissie Gepubliseerde verslae van die Staatsdiens-kommissie ter tafel gelê en tydig versprei	Mediavoorligtingsessies is gehou en persvrystellings oor geselekteerde gepubliseerde verslae van die Staatsdienskommissie is aan lede van die media uitgereik Staatsdienskommissieverslae is ingevolge artikel 196(4)*(e)* van die Grondwet van die die Republiek van Suid-Afrika, 1996, tydig in die Parlement en Provinsiale Wetgewers ter tafel gelê. Die verslae is ook op die webwerf (www.psc.gov.za) geplaas sodat dit vir die publiek toeganklik is
Bestuur, onderhou en verseker doeltreffende gebruik van die oorhoofse IT-infrastruktuur, -stelsels en -dienste	Kommissarisse Personeel van die Kantoor van die Staatsdiens-kommissie	IT-bedrywighede uitgevoer in ooreenstemming met IT-beleide en goeie praktyke	'n Elektroniese databasisstelsel vir die bestuur van die FOR en die blog, *myDG.gov*, 'n aanlynplatform vir personeellede om voorstelle aan die DG te maak, wat daarop gerig is om die Kantoor van die Staatsdienskommissie te help om sy dienste te verbeter, is ontwikkel en geïmplementeer 'n Teksboodskaptegnologie is geïmplementeer om departementshoofde daaraan te herinner om hulle prestasieooreenkomste by die Staatsdienskommissie in te dien
Werwing en indienshouding van bekwame personeel om dienslewering in die Kantoor van die Staatsdiens-kommissie te verseker	Aanstelling van begunstigdes/ benoemdes Programbestuurders	Werwing en keuring gedoen in ooreenstemming met die Werwings- en Keuringsbeleid	'n Implementeringsverslag oor die Mensehulpbronplan vir die 2009/10 Finansiële Jaar, wat spruit uit die Mensehulpbronplan vir die tydperk 2008 – 2012, is opgestel en by die DPSA ingedien. Vakante poste is betyds gevul ten spyte daarvan dat die vul van sommige vakante poste in die derde kwartaal van die 2009/10-boekjaar vanweë begrotingsbeperkings uitgestel is. Vroue het op 31 Maart 2010 41% (16) van die totale getalsterkte van die senior bestuur verteenwoordig en die totale getal vroue het 55% (127) van die algehele personeelsterkte verteenwoordig. Daar is tans vyf mense met gestremdhede in diens van die Staatsdienskommissie. Dit maak 2.2% uit van die totale personeelsterkte, wat die nasionale teiken dus met 0,2% oorskry.

5. HOE ONS BEPLAN OM ONS DIENSTE TE VERBETER

Die Staatsdienskommissie hersien sy DLVP jaarliks, soos deur die Staatsdiensregulasies vereis word, ten einde sy dienslewering voortdurend te verbeter. Ingevolge Tesourieregulasies word daar van die Rekenpligtige Beampte van 'n instelling vereis om 'n strategiese plan vir die tydperk van die komende Mediumtermynbestedingsraamwerk (MTBR) voor te berei. Die Staatsdienskommissie se Mediumtermyn- Strategiese Plan (MTSP) rig die werk van die Staatsdienskommissie en dien as 'n basis vir 'n beoordeling van sy prestasie deur belanghebbers oor die MTBR-tydperk. Die MTSP vir die tydperke 2010/11 tot 2012/13 sluit projekte in wat die Staatsdienskommissie voornemens is om te onderneem.

Afskrifte van die DLVP vir die finansiële tydperk 2010/11 en van die MTSP vir die tydperke 2010/11 tot 2012/13 is op versoek by die Direkteur: Kommunikasie en Inligtingsdienste, mnr. Humphrey Ramafoko, verkrygbaar. Sy kontakbesonderhede is: tel.: 012 352 1196; e-pos: humphreyr@opsc.gov.za. Albei dokumente is ook verkrygbaar op die Staatsdienskommissie se webwerf, www.psc.gov.za.

6. ORGANISASIE EN PERSONEEL

231 van die Staatsdienskommissie se personeelposte van 248, met inbegrip van Kommissarisse, is gevul. Die verdeling van personeel volgens standplase is soos volg:

Standplaas	Getal personeellede
Oos-Kaap Streekkantoor - King William's Town	7
Vrystaat Streekkantoor – Bloemfontein	7
Gauteng Streekkantoor - Johannesburg	7
Hoofkantoor – Pretoria	169
KwaZulu-Natal Streekkantoor - Pietermaritzburg	6
Limpopo Streekkantoor - Polokwane	7
Mpumalanga Streekkantoor - Nelspruit	7
Noord-Kaap Streekkantoor - Kimberley	7
Noordwes Streekkantoor - Mmabatho	6
Parlementêre Kantoor - Kaapstad	2
Wes-Kaap Streekkantoor - Kaapstad	6
TOTAAL	**231**

Die tabel hieronder gee 'n uiteensetting van die totale getal werknemers (werknemers met gestremdhede ingesluit) volgens ras en geslag in elk van die volgende beroepskategorieë:

Beroeps-kategorieë	Manlik				Vroulik				Totaal
	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Swart	Bruin	Indiër	Wit	
Senior bestuurders	24	2	2	2	13	2	1	4	50
Middelbestuurders	29	3	0	7	32	2	2	5	80
Administratief/ klerke	16	0	0	1	28	1	2	3	51
Diens- en verkoopswerkers, Permanent	16	1	0	0	27	5	0	0	49
Elementêre beroepe	1	0	0	0	0	0	0	0	1
TOTAAL	**86**	**6**	**2**	**10**	**100**	**10**	**5**	**12**	**231**

Werknemers met gestremdhede	**1**	**0**	**0**	**1**	**2**	**1**	**0**	**0**	**5**

Bykomende inligting

Sommige van die Staatsdienskommissie se personeellede is bedrewe in twee of meer van die elf amptelike tale van Suid-Afrika, naamlik Afrikaans, Engels, isiNdebele, Siswati, isiXhosa, isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, Tshivenda en Xitsonga.

7. BEGROTING

Die Staatsdienskommissie se totale begroting vir die 2009/10 Finansiële Jaar was R131 841 000,00. Die tabel gee 'n uiteensetting van hoe dit bestee is:

Item	Bedrag
Program 1: Administrasie	R72 469 000
Program 2: Leierskap en Bestuurspraktyke	R16 359 000
Program 3: Monitering en Evaluering	R19 686 000
Program 4: Integriteit en Teenkorrupsie	R23 327 000
Totale begroting vir programme	**R131 841 000**
Personeelsalarisse	R87 568 000
Opleiding	R412 000

8. KONTAKBESONDERHEDE

Vir meer inligting, tree in verbinding met:
Me. Bontle Lerumo
Adjunk-direkteur-generaal: Korporatiewe Dienste
Telefoonnommer: 012 352 1195
Adres: Privaat Sak X121, Pretoria, 0001
E-pos: bontlel@opsc.gov.za

Afskrifte van alle gepubliseerde Staatsdienskommissieverslae is verkrygbaar by die Kommissie se hoofkantoor en streekkantore. Die verslae is ook verkrygbaar op die Kommissie se webwerf, www.psc.gov.za.

9. WAAR ONS GEVIND KAN WORD

HOOFKANTOOR
Voorsitter: Dr. Ralph Mgijima
Direkteur-generaal: Mnr. Mashwahle Diphofa
Commission House
H/v Hamilton- en Ziervogelstraat
PRETORIA
0083
Tel.: 012 352 1000
Faks: 012 325 8382

PARLEMENTÊRE KANTOOR
Sanlam Goue Akker-gebou
21ste Verdieping
Adderleystraat
KAAPSTAD
8001
Tel.: 021 418 4940
Faks: 021 418 5040

PROVINSIALE STREEKKANTORE

Oos-Kaap
Kommissaris: Mnr. Singata Mafanya
Streekdirekteur: Mnr. Loyiso Mgengo
Alexanderweg 91
KING WILLIAM'S TOWN
5601
Tel.: 043 643 4704
Faks: 043 642 1371

Gauteng
Kommissaris: Dr. Ralph Mgijima
Streekdirekteur: Me. Dorothy Nkwanyana
Ten Sixty-Six-gebou
16de Verdieping
Pritchardstraat 35
JOHANNESBURG
2001
Tel.: 011 833 5721
Faks: 011 834 1200

Vrystaat
Kommissaris: Mnr. Paul Helepi
Streekdirekteur: Me. Sophia Santho
Fedsure-gebou 62
3de Verdieping
St. Andrewsstraat
BLOEMFONTEIN
9301
Tel.: 051 448 8696
Faks: 051 448 4135

Wes-Kaap
Kommissaris: Dr Gavin Woods
Streekdirekteur: Me. Charmaine Julie
Sanlam Goue Akker-gebou
21ste Verdieping
Adderleystraat
KAAPSTAD
8000
Tel.: 021 421 3980
Faks 021 421 4060

Noordwes
Kommissaris: Vakant
Streekdirekteur: Me. Pinky Seabelo
Mmabatho Poskantoorgebou
Grondverdieping, Universiteitsweg
MMABATHO
2735
Tel.: 018 384 1000
Faks: 018 384 1012

Mpumalanga
Kommissaris: Mnr. David Mkhwanazi
Streekdirekteur: Mnr. Walter Mnisi
Russelstraat 19
NELSPRUIT
1200
Tel.: 013 755 4070
Faks: 013 752 5814

Noord-Kaap
Kommissaris: Me. Moira Marais-Martin
Streekdirekteur: Mnr. Jacques Malan
1ste Verdieping
Woolworths-gebou
H/v Lennox- en Chapelstraat
KIMBERLEY
8300
Tel.: 053 832 6222
Faks: 053 832 6225

Limpopo
Kommissaris: Mnr. Matome Mawasha
Streekdirekteur: Mnr. Martin Chale
Kirk Patrick-gebou
Schoemanstraat 40
POLOKWANE
0701
Tel.: 015 291 4783
Faks: 015 291 4683

KwaZulu-Natal
Ondervoorsitter en Kommissaris: Me. Phelele Tengeni
Streekdirekteur: Mnr. Bongani Khonjwayo
Huis Brasford 262
H/v Langalibalele- en Chief Albert Luthulistraat
PIETERMARITZBURG
3201
Tel.: 033 345 9998
Faks: 033 345 8505